**Junie 2019**

## Wêreldekonomie

Die VSA se ekonomie het sy langste tydperk van groei sedert 1854 aangeteken, volgens die VSA se Nasionale Buro vir Ekonomiese Ondersoek. Verbruikersvertroue het skerp in Junie 2019 tot sy laagste vlak sedert September 2017 gedaal. Vertrouensvlakke het bo hul langtermyngemiddeld gebly, maar die tendens neig na ŉ verdere verswakking. Betaalstate het tot 224 000 geklim na ŉ afwaartse hersiene 72 000 voorskot die vorige maand, volgens ŉ verslag van die arbeidsdepartement. Die VS se werkloosheidskoers het tot 3,7% gestyg van ŉ halfeeu se laagtepunt van 3,6%, terwyl gemiddelde uurverdienste met 3,1% gestyg het teenoor ŉ jaar gelede, effens minder as wat geprojekteer is. In Junie vanjaar het die euro-gebied se verbruikersinflasie onveranderd op 1,2% jaar tot jaar gebly, terwyl kerninflasie effens hoër as wat verwag is tot 1,1% jaar tot jaar gekruip het. Oor die algemeen bly die euro-gebied se inflasie gedemp, heelwat onder die teiken van 2%. Die Duitse uitlener se drastiese omkeerplan, insluitend die vertrek uit die aandeleverkoop- en verhandelingsbesigheid, sal die Deutsche Bank se werksmag met ongeveer 18 000 werknemers wêreldwyd verminder. Die goudmark ervaar die grootste prysskommelings sedert laat 2016, aangesien handelaars en beleggers sukkel het om te bepaal wanneer die Federale Reserwe rentekoerse gaan verlaag.

## SA Ekonomie

Suid-Afrika het ŉ R1,74 miljard handelsurplus in Mei aangeteken na ŉ hersiene R3,53 miljard tekort in April, volgens data van die inkomstediens. Vir vanjaar is die kumulatiewe handelstekort van R6,05 miljard ŉ verbetering op die R12,08 miljard tekort vir dieselfde tydperk in 2018. Na ŉ verrassende daling in Mei 2019 het die Junie 2019 voertuiguitvoerverkoopsyfer ŉ aansienlike verbetering getoon, met ŉ styging van 14,3%, vergeleke met voertuie wat in dieselfde maand verlede jaar uitgevoer is. Voertuiguitvoere vir die jaar tot op hede is nou 19,3% hoër as die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. Nuwevoertuigverkope het steeds veld in Junie verloor, deur met 1,6% te daal, vergeleke met ŉ jaar gelede. Die seisoenaal aangepaste Absa koopbestuurdersindeks (KBI) het tot 46,2 indekspunte van 45,4 in Mei gestyg. Die koste van Suid-Afrika se agterstand in padinstandhouding is byna R417 miljard, volgens navorsing deur akademici van die Universiteit van Kaapstad se Skool van Ekonomie. Die SA Reserwebank sal waarskynlik die terugkoopkoers met ongeveer 25 basispunte in Julie besnoei, het Nicky Weimar, senior ekonoom by Nedbank gesê.

## Tendense en geleenthede

- ŉ Sterk VS-arbeidsmarkverslag verminder die kanse dat die Fed aan die einde van Julie rente koerse gaan verlaag.
- Die SA Reserwebank sal waarskynlik die terugkoopkoers met ongeveer 25 basispunte verlaag.

*"There are three constants in life – change, choice and principles."* ***Stephen Covey***

**RvD de Kock** . **PJ de Jongh.**